Presidensiële verslag 2018

Dit is vir my voorwaar ‘n voorreg en nie ‘n reg om u in te lig rondom die jaar se gebeure in die SA Boerbok bedryf.

Strome van belangstelling die Bok bedryf het ingestroom vanaf Januarie 2018 en is die entoesiasme om met bokke te boer legio.

Eerstens wil ek alle keurders, beoordelaars en personeel bedank vir hul onbaatsugtige werk wat hulle gedoen het om die Rasse te bevorder.

Belangstelling van oorsese lande het ook toegeneem en is Afrika lande soos Zimbabwe, Botswana en Zambië ook betrokke.
Die Telersvereniging was betrokke met sekere van die eerste Stigtings van ‘n vereniging in Botswana en is daar breedvoerig inligting gegee om hulle sake in orde te kry. Groot dank aan PW Botha en Michelle Kruger wat kursusse aangebied het om hierdie mense te onderrig rondom die S.A. Boerbok.
Die Ministers van Landbou van al drie genoemde lande was ook einde September 2018 teenwoordig by ‘n kursus wat aangebied is te Jansenville.
Verskeie ander kursusse is ook oor die hele land aangebied en kan ek noem dat opkomende boere veral in die Noord-Kaap ook deelgeneem het. Daar is nog steeds baie werk wat gedoen sal moet word en doen ek ‘n beroep op ons keurders en beoordelaars om betrokke te raak met hierdie taak wat vir ons voorlê. Van ons mark lê in hierdie boere, want hulle wil met bokke boer.
Verder is daar deur die Departement ook ‘n rolmerk toegeken om bokvleis op die rakke te kan identifiseer. Hier wil ek vir Gerhard Schutte, Pip Nieuwoudt en Michelle Kruger bedank vir hul deelname om hierdie baie belangrike saak te kon volvoer.
Dank ook aan Douw van der Merwe vir die skenking van 3 bokke vir slagting by die Abattoir. Hul gradering was van hoogstaande gehalte.
Kursusse aangebied: 23 Junior aan 416 studente, en 5 Senior aan 45 Studente.

Nog ‘n suksesvolle Nampo is verteenwoordig waartydens Haraldo Smith namens Karsten Boerdery hul diere uitgestal het. Savannas is uitgestal deur Koenie en Marina Kotzé, en Kalahari reds deur Malan en Ivan van Heerden.
Sandringham Ekspo is baie suksesvol aangebied, en hier het die Wes-Kaap klub baie goeie bevordering gedoen onder die Kapenaars en is baie belangstelling uitgelok.
Verskeie Produksie veiling is gedurende die jaar aangebied en het die Stoetbedryf ‘n enorme goeie jaar beleef wat verkoop pryse van diere betref. Rekord pryse selfs so hoog soos R330 000 is vir ‘n ram van Lukas Burger betaal. Ooie het selfs ook rekordpryse behaal.

S.A. Boerbok lede aangesluit vir hierdie finansiële jaar:	55
Kalahari red:	10
Savanna:	5
Totale ledetal 2018	422

‘n Suksesvolle SA Nasionale kampioenskappe is aangebied te Parys Afridome, en dank aan Gerald Calitz en sy span van die Sentraal Binnelandse Boerbokklub vir die organisering.
548 Boerbokke is vertoon deur 26 Vertoners
153 Kalahari reds is vertoon deur 4 Vertoners
701 Bokke in totaal.

Boerbok Beoordelaars was Joubert Fourie, Abraham Burger en Hein Booysen, en Kalahari red Beoordelaars was Jacques Pretorius, Theuns Botha en Bertie Aucamp.

Hiermee dan ook my dank aan die bestuur asook Klub Voorsitters wat my taak baie makliker maak en is ek bevoorreg om so ‘n goeie span mee te kan saamwerk. Ons staatmakers Michelle Kruger en Marizelle de Kock, baie dankie.

Dan aan ons Hemelse Vader vir sy Genade, Seën en Liefde.

Ek sluit af en hou aan u voor:
Die stoet bedryf is steeds die basis van genetiese diereverbetering en die hele veebedryf vind baat hierby.

Ek dank u en le dan die verslag voor vir goedkeuring.

Hennie Booysen

17 Oktober 2018